# 6. Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsing in breë trekke saamgevat deur die aanbieding van bevindings wat spruit uit hoofstukke 2 tot 5, die maak van gevolgtrekkings op grond van hierdie bevindings en enkele aanbevelings.

## 6.2 Bevindings op grond van die ondersoek wat uitgevoer is

### 6.2.1 Bevindings in verband met die differensiasie ten opsigte van religieuse grondmotiewe en kultuur as determinante van die Nasionale Party-segregasiebeleid.

1 Daar bestaan 'n duidelike verband tussen die religieuse grondmotief en die onderwys van 'n bepaalde gemeenskap. Die opvoedingsmotief van 'n volk word bepaal deur sy religieuse grondmotief.

Die religieuse grondmotief gee aan die onderwysteorie en -praktyk sy bepaalde verwerkliking, karakter en rigting (vgl. par. 2.2).

2 'n Eiesoortige religieuse grondmotief, naamlik skepping, sondeval en verlossing, het as determinant van die Nasionale Party se segregasiebeleid gedien. Die Nasionale Party se segregasiebeleid berus op 'n lewens- en wêreldbeskouing wat in die Calvinisme gefundeer is. Die Afrikanervolk het homself as beskermer en draer van die Christelike beskawing aan die Suidpunt van Afrika gesien en op grond daarvan homself geïsoleer (vgl. par. 2.4).

3 Daar is 'n verband tussen kultuur en onderwys. Onderwys is deel van 'n volk se kultuur en as sodanig is dit 'n vereiste dat die onderwysvoorsiening van 'n volk ten nouste moet aansluit by die betrokke gemeenskap se kultuur. Om te voorkom dat onderwys anti-normatief en skadelik vir 'n kind se ontwikkeling is, moet die kultuurbeginsel van historiese kontinuïteit in ag geneem word. Die historiese differensiasie-beginsel vereis die erkenning van die uniekheid en partikulariteit van die volkskultuur. Die historiese integrasiebeginsel vereis op sy beurt die behoud van eenheid in hierdie verskeidenheid (vgl. par. 2.3).

4 Kultuurdifferensiasie was 'n determinant van die Nasionale Party se segregasiebeleid. Op grond van die verband tussen kultuur en onderwys het die Nasionale Party in sy segregasiebeleid erkenning probeer gee aan kultuurverskille tussen blankes en swartes, maar ook tussen die verskillende swart etniese groepe. Daar is daarom nie net voorsiening gemaak vir verskillende bevolkingsgroepe/rassegroepe nie, maar ook vir 'n verskeidenheid substelsels vir die verskillende etniese volke (vgl. par. 2.4).

5 'n Verskynsel wat telkens voorkom in die literatuur en in beleidstukke is die van terminologiese verwarring. Alhoewel 'n ras 'n biologiese eenheid is en 'n volk 'n kultuureenheid, is rasse-segregasie soms gemotiveer met argumente wat wentel rondom kultuurverskille en die behoud van die eie volksaard (vgl. par. 1.7.4).

### 6.2.2 Bevindings ten opsigte van die politieke en onderwyskundige konteks en agtergrond van die Nasionale Party se segregasiebeleid

1 Die Nasionale Party se segregasiebeleid het 'n lang historiese aanloop en het sy wortels reeds in die periode 1652-1806 in die Kaap gehad. Alhoewel daar geen statutêre vaslegging van die apartheidsgedagte was nie, was dit reeds in die periode die aanvaarde kode (vgl. par. 3.2).

2 In 1778 is die Visrivier as skeidslyn tussen blank en swart verklaar (vgl. par. 3.2) en spesifiek tussen blankes en Xhosas. Hier wil dit voorkom asof terminologiese verwarring kan ontstaan. Blankes is 'n ras, Xhosas 'n volk. Waarskynlik word Xhosas gebruik as verteenwoordigend van die swart ras.

3 Alhoewel onderwyssegregasie reeds in die vroeë vestigingsjare (1652-1806) in die Kaapkolonie voorgekom het, was dit nie 'n gevestigde gebruik nie. Segregasie op grond van geloof en ongeloof het in 1663 daartoe gelei dat daar 'n aparte skool hoofsaaklik vir die koloniste se kinders gestig is. Onder die bewind van Van Rheede is openbare skole slegs vir Christene gereserveer en omdat die meeste Christene indertyd blankes was, het onderwyssegregasie 'n rassekonnotasie gekry (vgl. par. 3.2).

4 Die Afrikaners se stryd in die periode 1806-1910 in die Kaapkolonie om die behoud van hul eie identiteit het die ontwikkeling van apartheid gestimuleer. Die Britse regering

se beleid van verengelsing en assimilasie het die Afrikaner nie net in stryd met die Britte gebring nie, maar ook met die swart volke (vgl. par. 3.3).

5 Onderwyssegregasie was alreeds in die periode 1806-1910 in die Kaap teenwoordig; dit was egter nog ongestruktureerd en nie algemene regeringsbeleid nie. Onderwyssegregasie is gestimuleer deur die Afrikaner se stryd om behoud van sy eie identiteit. Die stryd om erkenning van die volk, kultuur en tradisies het deel geword van die onderwyssituasie. Godsdienstige oortuigings het egter steeds ook 'n rol in onderwyssegregasie gespeel (vgl. par. 3.3).

6 Alhoewel nie-blankes stemreg in die Kaapkolonie gehad het, was die bepalings van so 'n aard dat die meeste nie-blankes nie vir stemreg kon kwalifiseer nie en was daar tog in 'n groot mate sprake van politieke segregasie (vgl. par. 3.3).

7 Territoriale segregasie is in die periode 1806-1910 in die Kaap duideliker omlyn toe daar vir die eerste keer 'n reservaat vir die Xhosa (Brits-Kaffrarië) daargestel is (vgl. par. 3.3).

8 Segregasie het gedurende die periode 1838-1919 ook in Natal sy beslag gekry. Die Voortrekkers het 'n beleid van geen inmenging in stamorganisasie en streng territoriale skeiding ten opsigte van die Zoeloe's gevolg. Shepstone het die beleid voortgedra en selfs die beginsel van selfbestuur deel daarvan gemaak (vgl. par. 3.4).

9 Onderwys in Natal voor 1848 is ook beïnvloed deur die beleid van erkenning van stamtradisies en -organisasie. Onderwys vir blankes en swartes is geskei sodat onderwys vir swartes weer op stambasis georganiseer kon word. Na 1848 is staatskole vir nie-blankes oopgestel, maar die regering het nie-blankes gaandeweg uit staatskole geweer sodat onderwyssegregasie teen 1909 'n voldonge feit in Natal was (vgl. par. 3.4).

10 Die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek asook van die Republiek van die Oranje-Vrystaat het 'n duidelike skeiding tussen blankes en swartes bepaal (vgl. par. 3.5).

11 In die periode 1850-1910 is onderwyssegregasie in Transvaal en die Oranje-Vrystaat aan die orde van die dag. Die Voortrekkers het aparte skole voorgestaan. Die Britse anneksasie van Transvaal, alhoewel van korte duur (1877-1881) het Afrikaner-nasionalisme en die begeerte om hul eie volksaard en -tradisies te beskerm, gestimuleer. Die gedagte van Christelik-nasionale onderwys het onder leiding van die Driemanskap inslag en beslag in Transvaal gevind. Nadat beide Republieke weer in 1902 Britse kolonies geword het, is die beleid van skoolapartheid voortgesit. Milner het ook die gedagte van onderwys tot voordeel van die eie gemeenskap deel van die onderwysbeginsels gemaak. Nadat die Republieke weer selfbestuur gekry het, is onderwyssegregasie voortgesit (vgl. par. 3.5).

12 Territoriale segregasie het ook in Transvaal en die Oranje-Vrystaat voorgekom, maar nie op so 'n uitgebreide wyse soos in Natal nie (vgl. par. 3.5).

13 Die spore van segregasie het nie met Uniewording (1910) doodgeloop nie, maar het eerder geleidelik tot 'n beleid uitgekristalliseer (vgl par 3.6).

14 Die basis van die segregasiebeleid na 1910 is in 1913 gelê deur middel van die Naturelle Grond-wet (27/1913). Dit was die eerste wet waarin die beginsel van territoriale skeiding in die Unie van Suid-Afrika vervat is. Die Naturelle Trust en Grond-wet (18/1936) het voorsiening gemaak vir die skep van reservate en het sodoende 'n skeidslyn getrek tussen die eiendomsreg van blankes en nie-blankes. In 1923 het nie-blankes amptelik "besoekers" aan blanke gebiede geword toe instromingsbeheer in die Wet op Naturelle in Stedelike Gebiede vervat is (vgl. par. 3.6).

15 Na Uniewording is daar gepoog om eenvormigheid ten opsigte van stemreg te verkry. In 1936 is swartes in die Kaap op aparte kieserslyste geplaas (vgl. par. 3.6).

16 Na 1910 het die beskerming van die blanke werker as gevolg van die Armblanke-vraagstuk al meer op die voorgrond getree (vgl. par. 3.6).

17 Die Nasionale Party is op 7 Januarie 1914 gestig en het rasvermenging ten sterkste afgekeur. In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom en is apartheid tot

amptelike beleid verorden. Die apartheidsidee is bevestig in beleidsbeginsels soos:

* behoud van die blanke ras,
* skeiding op grond van etniese verskeidenheid,
* territoriale segregasie,
* geen sosiale vermenging,
* "wit" stede,
* beskerming van blanke werkers, en
* aparte onderwys (vgl. par. 3.6)

18 Die basis vir latere onderwyssegregasie is in die periode 1910-1947 gelê. Onderwyssegregasie het berus op:

* aparte skoolgeboue vir blankes en swart mense,
* die beginsel dat onderwys die "Bantoekind" moes help om homself as lid van 'n bepaalde volk en kultuur te identifiseer,
* onderwys in belang van die hele gemeenskap om die hele gemeenskap tot 'n hoër peil te lig, en
* onderwys moes dien om die Afrikaneridentiteit te behou (vgl. par. 3.6)

19 Die periode 1950-1966 is gedomineer deur dr. Verwoerd en sy party se beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die

segregasie-beleid is in wetgewing vervat deur middel van wette soos: die Ontugwysigingswet (21/1950), die Bevolkingsregistrasiewet (30/1950), die Wet op Groepsgebiede (41/1950) Wet op Groepsgebiede (36/1966), Wet op Onderdrukking van Kommunisme (44/1950), die Naturelle Wysigingswet (55/1952), die Wet op Aparte geriewe (49/1953), Wet op Bantoe-onderwys (47/1953), die Naturellehervestigingswet (19/1954), die Wet op Bantoe-owerhede (68/1951), die Wet op Bantoe-selfbestuur (46/1959) (vgl. par. 3.7).

20 Apartheidsbeginsels wat gedurende die periode 1950-1966 werksaam was, was:

* territoriale segregasie wat uitgeloop het tot die tuislandbeleid,
* ontwikkeling volgens eie kultuur en volksaard,
* beskouing dat die swart werker slegs 'n besoeker aan blanke gebiede is, met die gepaardgaande instromingsbeheer en die beginsel van "wit" stede,
* kultuurdifferensiasie,
* voogdyskapsbeginsel,
* elke bevolkingsgroep moet die verantwoordelikheid vir sy eie gemeenskapsontwikkeling aanvaar,
* beskerming van die blanke minderheid, en
* politieke seggenskap in eie gebiede (vgl. par. 3.7)

21 Die periode 1967-1984 is daardeur gekenmerk dat die bloudruk-politiek van die apartheidsbeleid gekombineer is met beraadslaging met swart etniese leiers. Alhoewel die basiese beginsels van apartheid in hierdie periode nog steeds gegeld het, het die apartheidsbeleid vanaf die middel 1970's veranderinge begin ondergaan (vgl. par. 38).

22 Territoriale segregasie het sy einddoel bereik in hierdie periode toe swart state selfregerende gebiede geword het, bv. Transkei, Ciskei, Bophuthatswana, Lebowa, Venda en Gazankulu (vgl. par. 3.8).

23 Die voogdyskapsbeginsel het in die periode 1973-1981 gekulmineer in onafhanklikheid vir Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (vgl. par. 3.8).

24 Politieke strukture is in 1981 geskep dat swart mense hul stemme in blanke gebiede kon uitbring vir plaaslike besture maar dit was steeds nie algemene stemreg nie (vgl. par. 3.8).

25 Gedurende die periode 1967-1984 is swartes geleidelik aanvaar as permanente inwoners van blanke stedelike gebiede

* Die beginsel van "blanke stede" en instromingsbeheer is gedurende die periode steeds inkonsekwent toegepas. Stedelike swartes het selfs besitreg gekry (vgl. par. 3.8).

26 Rassediskriminasie ten opsigte van arbeidsverhoudinge is vanaf 1979 in 'n beperkte mate uit die weg geruim deur

middel van die Nywerheidsversoeningswet (95/1979), die Wet op Arbeidsverhoudinge (57/1981) en die aanvaarding van die beginsel van gelyke lone vir gelyke werk (vgl. par. 3.8).

6.2.3 Bevindings in terme van die opvoedkundige implikasies van die Nasionale Party se segregasiebeleid vir onderwys vir swartes in die periode 1950 tot 1984.

1. Die onderwysbeleid weerspieël altyd die regeringsbeleid. In Suid-Afrika weerspieël die onderwysbeleid telkens die apartheidsbeleid. Die onderwysbeleid gebasseer op die apartheidsbeleid, lê klem op beginsels soos:

   * onderwys om die kind aan sy eie kultuur en gemeenskap te bind,
   * moedertaalonderrig,
   * onderwysfasiliteite moet hoofsaaklik in swart gebiede verskaf word,
   * die swarte moet self die ontwikkeling van sy onderwys bepaal, en
   * algemene geletterdheid (vgl. par. 4.2.2).

2 In die middel-1970's het gelyke onderwysgeleenthede deel van die onderwysbeleid geword, maar onderwys was steeds apart. In 1984 word onderwys 'n eie-sake-aangeleentheid, benewens sekere algemene sake wat statutêr beskryf is (vgl. par. 4.2.2)

3 Die segregasiebeleid het as uitvloeisel ongelyke geldelike

besteding ten opsigte van onderwys vir blankes en swartes gehad. As gevolg van die ongelyke besteding is en word onderwys vir swart mense deur baie mense as minderwaardig beskou (vgl. par. 3.4).

4 Die Bantoe-onderwyswet (47/1953) het segregasie ten opsigte van finansiering van onderwys vir swartes vasgelê. Die voogdyskapsbeginsel is beklemtoon deurdat swartes mede-verantwoordelik gehou is vir die finansiering van hul onderwys. Om die rede is onderwys vir swart mense hoofsaaklik vanuit die direkte "Bantoebelasting" gefinansier. Die bedrag wat van algemene belasting verhaal kon word, is in 1955 op R13 000 000 vasgestel en dit het 'n belangrike punt van kritiek teen die finansieringsbeleid geword, omdat daar vir geen ander regeringsrekening 'n bedrag vasgepen is nie (vgl. par. 4.3.3).

5 Daar is 'n baie groot verskil in die per capita-besteding vir blanke, swart, Kleurling- en Indiërkinders. Die Cillié-kommissie dui verskeie faktore aan wat vir hierdie diskrepansie verantwoordelik is:

* die groot meerderheid swart kinders is nog in die primêre klasse. Primere onderwys is baie goedkoper as sekondêre onderwys,
* dubbelsessies verlaag die per capita-uitgawes, en
* verskillende departemente werk hulle per capita-bestedings op verskillende wyses uit (vlg. par. 4.3.6.4)

6 In 1972 het daar 'n verandering ingetree ten opsigte van finansiering van onderwys vir swartes. Swart mense sou voortaan nie meer die primêre verantwoordelikheid vir hul onderwys dra nie. Die Bantoe-onderwysrekening is afgeskaf en die Inkomste Begrotingspos: Bantoe-onderwys is geskep (vgl. par. 4.3.4).

7 In 1984 is daar binne die Nasionale Onderwysbeleid 'n subsidieformule ontwikkel wat ten doel het om alle onderwysdepartemente se finansiering te reël met die oog op 'n meer gelykwaardige onderwys vir almal (vgl. par. 4.3.6.1).

8 Daar is 'n aansienlike diskrepansie ten opsigte van die salarisse van blanke en swart onderwysers. Dr. Verwoerd het die diskrepansie op grond van die segregasiebeleid verklaar: blanke onderwysers is in diens van die blanke gemeenskap en word deur hulle betaal, terwyl swart onderwysers in diens van die swart gemeenskap is en deur hulle betaal word. 'n Moontlike oorsaak van die diskrepansie is die verskil in kwalifikasies van blanke- en swart onderwysers (vgl. par. 4.3.7).

9 Swart onderwysers in tuislande is tot 31 Desember 1973 deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling betaal en vanaf 1 Januarie 1974 word hulle deur die tuislande self betaal (vgl. par. 4.3.7).

10 Blanke en swart onderwysers is vanaf 1 April 1980 op dieselfde sleutelskaal; tog verskil die salarisse steeds (vgl. par. 4.2.7).

11 Die Nasionale Party het die kurrikulum vir onderwys vir swartes in ooreenkoms met hul algemene ontwikkelingsplan gebring. Dit beteken dus dat die kurrikulum in verband gebring is met die segregasiebeleid. Die nuwe kurrikula moes in die behoeftes van die gemeenskap voorsien. Die inhoud van onderwys vir swartes is aangepas om by die etniese aard van die swarte aan te sluit omdat daar geglo is dat die skole eie moes wees aan die volk. Omdat daar geglo is dat die opgeleide swartes moes terugkeer na sy eie gebiede en moes help om die gebiede selfversorgend te maak, is meer klem geplaas op nie-akademiese onderwys (vgl. par. 4.4.2).

12 Die beskuldiging dat onderwys gebruik word om "maatskaplike en ekonomiese tuislose mense" te skep, word voor die deur van die Nasionale Party regering gelê. Leerlinge beleef dit wat hul op skool leer as irrelevant. Die swart kind word onderrig om in 'n swart gemeenskap opgeneem te word, terwyl hy in werklikheid in 'n heterogene gemeenskap opgeneem word (vgl. par. 4.4.2).

13 Daar is hoofsaaklik twee menings in verband met die kurrikula vir onderwys vir swart mense. Een groep is van mening dat die kurrikula minderwaardig is in vergelyking met die vir blankes. 'n Ander groep is van mening dat die kurrikula die swart kind in staat stel om 'n basiese opleiding te verkry, maar maak die deure tot verdere akademiese onderwys of indiensopleiding oop. Van 1979 het die Departement van Onderwys en Opleiding kernkurrikula, wat deur die ander onderwysdepartemente gebruik word, ingevoer. Daar is

egter wel ruimte gelaat om aanpassings te maak ten einde in eie behoeftes te voorsien (vgl. par. 4.4.3).

14 Kritiek word gelewer op die feit dat die sillabusse deur blankes opgestel word. Volgens die Cillié-kommissie is die kritiek ongeregverdig aangesien swart onderwysdeskundiges wel 'n aandeel gehad het in die opstel van sillabusse (vgl. par. 4.4.2).

15 Die Geskiedenis-sillabus word gekritiseer op grond van die feit dat dit vanuit blanke perspektief geskryf is. Veral Suid-Afrikaanse Geskiedenis word verwerp omdat dit die blanke verheerlik en die swarte as minderwaardig voorstel (vgl. par. 4.4.3).

16 In ooreenstemming met die Nasionale Party-beleid is onderwys beskou as die sleutelfaktor tot die opbou van die gemeenskap. Algemene geletterdheid en gevolglik primêre onderwys is beklemtoon. Die groeiende leerlingtal het mettertyd die instelling van dubbelsessies genootsaak (vgl. par. 4.5.2).

17 Vroeë skoolverlating is 'n groot probleem. Die volgende redes word ter verklaring van die probleem aangebied:

* Ekonomiese redes: Daar is baie werksgeleenthede vir ongekwalifiseerdes.

* Daar is geen hulpklasse vir verstandelik gestremdes nie; hulle moet dus die skool verlaat as hulle nie verder kan vorder nie.

* Die regeringsbeleid dat sekondêre skole in tuislande gesentreer moet wees, maak die skole vir baie leerlinge ontoeganklik.

* Onderwys vir swart kinders is nie verpligtend nie (vgl. par. 4.5.4 en par. 4.5.5).

18 Die Nasionale Partybeleid was dat swart mense self die verantwoordelikheid vir hul onderwys moes dra. Swart mense kon nie die finansiele las van vry en verpligte onderwys dra nie en dus is vry en verpligte onderwys nie ingestel nie. Op grond van die voogdyskapsbeginsel help die blanke net; die primêre verantwoordelikheid bly die swarte s'n. Die beperkte mate waarin verpligte onderwys vanaf die middel 1970's ingestel is, is aanneemlik as al die beperkende faktore in ag geneem word (vgl. par. 4.6).

19 Die slaagsyfer ten opsigte van die st. 6-eksamen toon in die periode 1950-1984 'n deurlopende stygende lyn. Die Junior sertifikaat-eksamen se slaagsyfer het ook toegeneem (vgl. par. 4.7.2 en par. 4.7.3).

20 Matriekuitslae vir swart leerlinge vir die periode 1950-1984 kan oor die algemeen as onbevredigend beskryf word. Verskeie redes word vir die swak matriekuitslae aangebied:

* gebrekkige studiegeriewe tuis,

* swart onderwys is van 'n laer standaard as blanke-onderwys,

* swart onderwys is minderwaardig in vergelyking met blanke onderwys,

* Die tekort aan goed gekwalifiseerde onderwysers,

* die amptelike tale wat in die hoër graad aangebied word,

* die regering reguleer uitslae ooreenkomstig die aanvraag na mannekrag,

* die verhoogde slaagvereistes (45%) vanaf 1979,

* atmosfeer van onrus en skoleboikotte, en

* ongerymdhede by die merk van vraestelle (vgl. par. 4.7.4).

21 Ooreenkomstig die regering se segregasiebeleid het die rol van die swart onderwyser in 1954 verander. Die swart onderwyser sou voortaan in diens van die swart gemeenskap wees. Die beleid van moedertaalonderrig het swart onderwysers vereis en blanke onderwysers moes plek maak vir swartes. Onderwyseresse is verkies bo onderwysers omdat die Regering van mening was dat onderwyseresse beter aangelê is om jong kinders te hanteer (vgl. par. 4.8.2).

22 Ten spyte van die feit dat die aantal onderwysers in die periode 1950-1984 toegeneem het, is daar steeds 'n tekort aan onderwysers. Hierdie tekort word toegeskryf aan faktore soos:

* diskriminasie ten opsigte van salarisse,

* swak diensvoorwaardes,

* die beperking van die aantal manlike onderwysers wat per jaar opgelei mag word, en
* beter geleenthede buite die onderwyssektor (vgl. par. 4.8.3).

23 Alhoewel die Nasionale Party-regering baie gedoen het om die kwalifikasie van onderwysers te verbeter, is die oorgrote meerderheid swart onderwysers steeds onvoldoende gekwalifiseer (vgl. par. 4.8.4).

24 As gevolg van die segregasiebeleid heers daar 'n uiters ongesonde onderwyser-leerlingverhouding ten opsigte van onderwys vir swartes. Daar is 'n groot diskrepansie ten opsigte van die onderwyser-leerlingverhouding in blanke en swart skole (vgl. par. 4.8.5).

25 Skoolkomitees en -rade was 'n direkte uitvloeisel van die Nasionale Party-regering se beleid van aktiewe deelname van die swart gemeenskap aan hul eie onderwys. Die belangstelling van ouers in die onderwys van hul kinders is hierdeur verhoog. Skoolrade en -komitees is op etniese grondslag georganiseer in ooreenstemming met die regeringsbeleid (vgl. par. 4.9.2).

26 Daar is 'n definitiewe verband tussen die regeringsbeleid van segregasie en die onderwysdoelstellings wat vir die onderwys vir swartes gestel is. Die doelstelling was nie net die ontwikkeling van die individu nie, maar die ontwikkeling van die ganse gemeenskap. Die kennis en vaardighede wat die swart kind verwerf, moet nie net tot sy eie voordeel wees

nie, maar ook tot voordeel van sy gemeenskap gebruik kan word. Die swart kind moet swart gehou word en nie blank gemaak word nie (vgl. par. 4.10.2).

27 'n Negatiewe konnotasie wat aan die onderwysdoelstellings vir swartes (1953-1984) gekoppel word, is dat dit gebruik is om die blanke werker te beskerm deur die aantal swart mense wat akademies kan kwalifiseer, te beperk (vgl. par. 4.10.2).

28 Die onderwysdoel (1953-1984) hou nie verband met die veranderinge in die samelewing nie. Die swart kind en veral die verstedelikte swart kind is nie meer verbonde aan 'n bepaalde gemeenskap in 'n tuisland nie, maar hy word opgevoed om by so 'n gemeenskap in te skakel. Die swart kind moet opgevoed word vir opname in 'n hetrogene Westerse gemeenskap (vgl. par. 4.10.2). Die behoud van etniese groepering is deel van die onderwysdoelstelling.

29 Die segregasiebeleid (1953-1969) het die registrasie van aandskole vereis asook dat dit na swart gebiede verskuif moet word. Die bepalings het uiteindelik daartoe gelei dat aandskole doodgeloop het (vgl. par. 4.11.2).

30 Die apartheidsbeleid het 'n bepalende invloed op die onderrigmedium gehad. Omdat erkenning aan etnisiteit verleen moes word, is die moedertaal as onderrigmedium in laer- en hoër-primêre klasse ingestel (vgl. par. 4.12.3).

31 Die Eiselen-kommissie (1951) het drie aanbevelings in verband met die onderrigmedium gemaak:

* die swart kind het die reg om die taal te verstaan waarin hy onderrig word,

* erkenning moet gegee word aan die ekonomiese waarde van die twee amptelike tale, en

* die leerling se taalbehoeftes in latere stadia van sy onderwys moet in ag geneem word (vgl. par. 4.12.3).

32 Die beleid ten opsigte van die gebruik van die twee amptelike tale as onderrigmedium was dat dit op 'n gelyke basis (50-50) gebruik moes word. Die regering word beskuldig van diskriminasie omdat swart kinders twee of drie vakke in Engels en twee of drie vakke in Afrikaans moes neem en die eksamens in albei landstale afle, terwyl blanke-, Indiër-, Kleurling- en swart kinders in sekondêre skole in tuislande eksamens slegs in een van die amptelike tale kan aflê. Die beleid word beskou as 'n instrument om swart mense na tuislande te kanaliseer (vgl. par. 4.12.3).

33 Na die 1976-opstande is die beleid ten opsigte van die keuse van die onderrigmedium gewysig. Die keuse tussen Afrikaans of Engels is voortaan aan die skoolrade of -komitees oorgelaat (vgl. par. 4.12.3).

34 Dit is die geboortereg van elke kind om onderrig in sy moedertaal te ontvang. Die regering se beleid van moedertaalonderrig is op grond van opvoedkundige en volkekundige redes regverdigbaar. Moedertaalonderrig het die volgende voordele:

* dit verbeter die onderrigpeil,

* dit bevorder die ontwikkeling van die swart tale,

* dit lei tot doeltreffender onderrig en verbeterde resultate,

* dit skakel blote memorisering sonder begrip uit,

* dit stel die kind in staat om uitdrukking aan sy idees te gee, en

* dit verbeter kommunikasie (vgl. par. 4.12.4).

35 Die volgende punte van kritiek word op die beleid van moedertaalonderrig gegee:

* die beleid is oorhaastig ingevoer,

* handboeke was nie in swart tale beskikbaar nie,

* die nodige terminologie en abstrakte wetenskaplike terme het nie in swart tale bestaan nie. Die Nasionale Party=regering het egter daadwerklike pogings aangewend om bogenoemde probleme uit die weg te ruim, en

* die nuwe terminologie was net so vreemd vir die kinders as die Engelse of Afrikaanse terme (vgl. par. 4.12.5).

36 Motivering vir die 50-50-gebruik van die twee amptelike tale word gevind in die volgende punte:

* Swart kinders moet in die blanke gemeenskap gaan werk en daarvoor het hul 'n kennis van Afrikaans en Engels nodig,

en

* meer leerlinge het op skool gebly en tot by die sekondere skole gevorder onder die beleid (vgl. par. 4.12.6).

37 Kritiek op die 50-50-gebruik van die twee amptelike tale is:

* dit is 'n diskriminerende beleid,
* dit bemoeilik die taak van die onderwysers,
* baie onderwysers is slegs in een van die twee amptelike tale opgelei,
* dit is emosioneel en geestelik veeleisend vir die kinders,
* dit verhoog druip- en skoolverlatingsyfers,
* handboeke in die tale is taalkundig te gevorderd,
* dit het baie onnodige administrasie vereis, en
* dit het tot onrus, opstande en boikotte gelei (vgl. par. 4.12.9).

38 Die segregasiebeleid met die gevolglike bestaan van verskillende onderwysdepartemente het gelei tot kwalitatiewe en kwantitatiewe verskille in voorsiening van fasiliteite aan verskillende bevolkingsgroepe (vgl. par. 4.13.2).

39 Die aantal skole wat vir swart kinders in die periode 1950-1984 opgerig is, het 'n besliste groei getoon maar as gevolg van die groeiende leerlingtal was dit onvoldoende.

swart onderwys het afhanklik geraak van private organisasies om te help met die voorsiening van skole (vgl. par. 4.13.2).

40 Die segregasiebeleid het tot gevolg gehad dat die fasiliteite in swart gebiede opgerig is. Hierdie fasiliteite is meestal buite die bereik van die swart kinders as gevolg van die lang afstande en finansiele probleme. Voorsiening van fasiliteite is verder bemoeilik omdat dit op stam- of etniese grondslag voorsien moes word (vgl. par. 4.13.2).

41 Staatsbeheer was 'n voorvereiste vir die implementering van die segregasiebeleid, want die onderwys moes deel uitmaak van die totale apartheidsmasjinerie. Die beheer oor onderwys vir swartes moes apart staan van die vir blankes (vgl. par. 4.14.2).

42 In ooreenstemming met die segregasiebeleid moes swartes 'n veel groter aandeel in die beheer van hul onderwys kry, sodat hul afsonderlik kon ontwikkel tot 'n selfstandige volk. Hierdie groter mate van beheer sou kulmineer in die toekenning van binnelandse selfregering aan swart tuislande waarna die tuislande dan die totale beheer vir hul onderwys sou oorneem (vgl. par. 4.14.2).

43 In 1979 is die beheer vir onderwys vir swartes oorgedra na die Departement van Onderwys en Opleiding. Onder die Departement van Onderwys en Opleiding het aktiewe ouerdeelname in die beheer van hul onderwys steeds die klem gedra (vgl. par. 4.14.2).

44 Vanaf 1984 is die onderwys van elke bevolkingsgroep as 'n eie-sake-aangeleentheid geadministreer en beheer (vgl. par. 4.14.2).

45 Ontevredenheid met die regeringsbeheer onder die segregasiebeleid het daartoe gelei dat die NECC en ander komitees poog om alternatiewe beheer en People's Education in swart skole te vestig (vgl. par. 4.14.3).

46 Daar is 'n kritieke tekort aan handboeke in swart skole. Onderwysers is onseker oor watter handboeke gebruik moet word. Hierdie probleme bemoeilik nie net onderrig nie, maar maak onderrig tydrowend (vgl. par. 4.15.2).

47 Swartes moet hoofsaaklik hul eie handboeke voorsien, maar die regering het tog vanaf 1953 sekere handboeke aan primere skole verskaf. In 1974 is daar met 'n program begin om alle handboeke gratis aan primere skole te voorsien. Tans word gratis handboeke ook aan sekondere skole verskaf (vgl. par. 4.15.2).

48 Daar is 'n tekort aan goedtoegeruste klaskamers vir praktiese vakke en biblioteke is swak toegerus. Vanaf 1953 word meublement deur die regering verskaf (vgl. par. 4.15.2).

49 In ooreenstemming met die segregasiebeleid is daar voorsiening gemaak vir afsonderlike universiteite vir die verskillende bevolkingsgroepe. Swart universiteite is verder op grond van etnisiteit verdeel. Die afsonderlike universiteite moes die student in noue voeling met sy eie

volk se gewoontes, leefwyses en beskouings hou (vgl. par. 4.16.2).

50 Kritiek op afsonderlike universiteite:

* tydens die skoolloopbaan word die kinders deur hoofsaaklik swart onderwysers onderrig, maar op universiteit is die meeste dosente blank,

* kontak tussen studente van verskillende bevolkingsgroepe word onmoontlik gemaak,

* die ligging van swart universiteite maak deeltydse studie onmoontlik en bring 'n groter finansiele las vir die swart student mee,

* afsonderlike universiteite is 'n skending van die outonomie van 'n universiteit, en

* afsonderlike universiteite beperk akademiese vryheid (vgl. par. 4.16.5).

51 Motivering ten gunste van afsonderlike universiteite:

* geintegreerde universiteite skend die swart studente se menswaardigheid,

* afsonderlike universiteite bring die toekomstige leiers in noue voeling met hul volke en die volke se gewoontes en tradisies,

* afsonderlike universiteite bevorder selfhandhawing van die verskillende bevolkingsgroepe, en

* afsonderlike universiteite maak die hoogste akademiese poste ook vir swart mense toeganklik (vgl. par. 4.16.2).

52 Die apartheidsbeleid het 'n invloed op die huislike omstandighede en gesinslewe van die swart kind en dit het weer 'n invloed op die kind se onderwys en opvoeding (vgl. par. 4.17.2).

53 Die apartheidsbeleid het 'n negatiewe invloed op die maatskaplike toestande waaronder swart kinders leef en dit het weer 'n direkte invloed op die kinders se opvoeding en onderwys (vgl. par. 4.17.3).

6.2.4 Bevindings in verband met die reaksionêre optrede teen aparte onderwysvoorsiening.

1 Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van opstand teen die sogenaamde minderwaardige onderwys vir swartes. In die periode 1950-1955 het veral die ANC die leiding geneem om weerstand teen die implementering van onderwys vir swartes te organiseer. Die ANC het veral die ouers gebruik om skoolboikotte te reel. Die boikotte en die gevolglike skorsings het verreikende opvoedkundige implikasies gehad. As leerlinge nie skole bywoon nie, kan onderrig of leer nie plaasvind nie (vgl. par. 5.2).

2 Die AEM het in 1954-1955 tot stand gekom en die organisasie het veral probeer om alternatiewe onderwysgeleenthede te skep, maar was nie finansieel sterk genoeg nie (vgl. par. 5.3).

3 In die periode 1956-1975 het die onrus veral aan universiteite voortgeduur. Organisasies soos NUSAS, SASO en BPC het die leiding geneem. Toenemende militantheid het die onrus in die periode gekenmerk (vgl. par. 5.4).

4 Die 1976-opstande het begin met gewelddadige demonstrasies in Soweto uit protes teen Afrikaans as onderrigmedium. Leerlinge het georganiseerd geraak en het organisasies soos SASM gevorm. Ouers het hulself georganiseer in organisasies wat die sogenaamde "gutter education" probeer vernietig het. Die opstande en onrus het die normale funksionering van swart skole onmoontlik gemaak (vgl. par. 5.5).

5 In die periode 1980-1985 het alternatiewe onderwys sterker op die voorgrond getree. Organisasies soos AZAPO, COSAS, AZASO, NEUSA en UDF het die leiding geneem om skoolboikotte te reel en die sogenaamde "minderwaardige apartheidsonderwys" te vervang met "People's Education" (vgl. par. 5.6).

6 Onderwysers het ook aktief aan die stryd teen apartheid deelgeneem (vgl. par. 5.8).

6.3 Gevolgtrekkings:

Daar is in die doel van hierdie studie geslaag, aangesien daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die segregasiebeleid van die Nasionale Party verreikende opvoedkundige implikasies vir die onderwys vir swart mense in die periode 1950 tot 1984 gehad het (vgl. par. 1.5).

Die probleemstellende vraag: "Watter opvoedkundige implikasies het die segregasiebeleid van die Nasionale Party vir onderwys vir swart mense in die periode 1950-1984 gehad?" is ook deur middel van hierdie navorsing beantwoord, en die antwoorde kan aangewend word om die aktuele problematiek rondom onderwys vir swart mense beter te verstaan en moontlike oplossings te vind. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die segregasiebeleid van die Nasionale Party vir die periode 1950 tot 1984 opvoedkundige implikasies ingehou het ten opsigte van:

* die onderwysbeleid vir onderwys vir swart mense,
* onderwysfinansiering,
* die kurrikula,
* die leerlingtal,
* vry en verpligte onderwys,
* Swart ouers se betrokkenheid by hul kinders se onderwys,
* onderwysdoelstellings,
* aandskole,
* onderrigmedium,
* onderwysfasiliteite,
* onderwysbeheer,
* verskaffing van skryfbehoeftes, apparaat, meublement,

* swart universiteite, en

* die persoonlike lewe van die opvoedeling.

## 6.4 Enkele aanbevelings

### 6.4.1 <u>Aanbevelings in verband met gesigspunte wat uit die navorsing voorkom</u>

6.4.1.1 Omdat die segregasiebeleid soveel onrus in onderwys vir swartes veroorsaak het, sal daar gedink moet word aan een onderwysbedeling vir Suid-Afrika, maar waarin die belange van die verskillende kultuurgroepe steeds in aanmerking geneem word.

6.4.1.2 Onderwysfinansiering sal dringend gewysig moet word, sodat die ongelyke besteding ten opsigte van onderwys vir verskillende bevolkingsgroepe uit die weg geruim kan word.

6.4.1.3 Alhoewel die Departement van Onderwys en Opleiding se positiewe stappe om salarisdiskrepansies uit die weg te ruim, nie misken word nie, word aanbeveel dat die aangeleentheid reggestel moet word.

6.4.1.4 Die kurrikula vir onderwys vir swartes sal ondersoek moet word sodat dit die swart kind in staat sal stel om op 'n sinvolle wyse in 'n heterogene, hoogsgeïndustria-liseerde gemeenskap opgeneem te kan word.

6.4.1.5 Daar word aanbeveel dat Geskiedenissillabusse en -handboeke herskryf word sodat dit nie net 'n blanke

perspektief weerspieël nie.

6.4.1.6 Sekondêre onderwys sal meer klem moet kry, sodat die "plat" piramide wat tans in swart onderwys bestaan mettertyd uitgeskakel kan word. Projekte moet aangepak word om by die kinders toekomsverwagtinge te skep. Die voorligtingsonderwysers kan hier 'n groot rol speel.

6.4.1.7 Die beweerde ongerymdhede by die nasien van die antwoordstelle vir swart matrikulante sal ondersoek moet word. Daar sal ook ondersoek ingestel moet word na die oorsake van swak matriekuitslae.

6.4.1.8 Programme van indiensopleiding moet verder uitgebou word en daar moet weë gevind word waarop swart onderwysers aangemoedig sal word om hul kwalifikasies te verbeter.

6.4.1.9 Onderwysdoelstellings vir onderwys vir swartes moet in lyn gebring word met die veranderde samelewing van die "nuwe" Suid-Afrika na 2 Februarie 1990.

6.4.1.10 Groter keusevryheid ten opsigte van die gebruik van Afrikaans en Engels as onderrigmedium kan moontlik ontevredenheid in die verband uitskakel.

6.4.1.11 Onderwysfasiliteite moet in ooreenstemming met die leerlingdigtheid van 'n gebied opgerig word en nie in ooreenstemming met die Groepsgebiedewet nie. Blanke

skole wat leeg staan, sal sodoende ook vir swart mense toeganklik gemaak kan word.

6.4.1.12 Ondersoek kan ingestel word na die vatbaarheid van "oop" universiteite in die hedendaagse veranderde samelewing.

6.4.1.13 Die klagtes van swart weerstandsorganisasies moet aangehoor en ondersoek word.